

Ruitersport

in Wikipedia, die vrye ensiklopedie

1. Inleiding

Ruitersport is 'n versameling van perdryspore waartydens een of meer perde gebruik word.

Tydens die Olimpiese Spele ding mans en vroue op gelyke vlak met mekaar mee. Medaljes word aan beide die ruiter en sy perd toegeken. Die items sluit in: **dressuur** (gehoorsaamheid en bewegings, ook genoem dressage), **spring** (oor hindernisse) en 'n **driefasekompetiesie**. Laasgenoemde is 'n **kombinasie** van dressuur, spring en 'n **veldwedloop** (resies).

Die dressuur-item

Die spring-item

'n Perderesies



2. Perdewedrenne

2.1 Geskiedenis

Wedrenne te perd is 'n baie ou sportsoort wat reeds in 200 v.C. deur die Hetiete in Anatolië beoefen is. Perdry was in daardie tyd egter nog nie algemeen nie. Baie volke het wel perde aangehou, maar hulle het die diere slegs voor **waens** ingespan. In geskrifte van Homerus wat uit die 8ste eeu v.C. dateer, word daar byvoorbeeld nog geen melding van perdry gemaak nie.

Nie veel later nie, het die ruiter egter ook 'n algemene **verskynsel** in die Griekse wêreld geword. Voorheen was die konsep van 'n ruiter wel by die Grieke bekend, maar hulle het hom as 'n mitologiese **figuur** beskou wat half-mens half-perd was (die sogenaamde **sentour** of perdmens). In 624 v.C. was perdewedrenne reeds deel van die 23ste klassieke Olimpiese Spele.

Die grondslag van moderne perdewedrenne is tydens en kort na die **kruistogte** gelê. Die Europese **riders** op hul swaar, traie perde het aan die kortste end getrek teen die ruiters op die baie vinniger Arabiese perde. Die Europese rasse is daarna met Arabiese perde **gekruis** en die geteelde perde is in wedrenne getoets. Een van hierdie renne, die Silver Bell, wat by Lanark naby Glasgow gehou is, vind steeds **jaarliks** plaas.

Perdewedrenne het veral in Brittanje **gewild** geword, onder meer as gevolg van die **verbintenis** van die Britse koningshuis met die sportsoort. Die verbintenis dateer uit 1377 toe die destydse **kroonprins** en latere koning Richard II teen die graaf van Arundel resies gejaag het. Die Britse koningshuis het baie daartoe bygedra dat beter **renperde** geteel is, en hulle is tot vandag toe nog aktief by perdewedrenne betrokke.

'n Bekende en gewilde Amerikaanse film uit 1964 is *My fair lady* (met Audrey Hepburn en Rex Harrison), waarin die manlike hoofkarakter sy leerling (Eliza Doolittle) na 'n Ascot-**perderesies** neem.

2.2 Moderne wedrenne

Perdewedrenne is teenswoordig die sportsoort waarby die meeste geld betrokke is en moet gevolglik baie streng beheer word. Daar is afsonderlike wedrenne vir jonger en ouer perde en elke perd moet 'n voorafbepaalde **massa** dra sodat almal min of meer 'n **gelyke** kans staan. Die massa word bepaal na gelang van 'n perd se **vorige** vertonings, ouderdom en ervaring.

Perde wat al 'n paar wedrenne gewen het, dra 'n groter massa as beginners. 'n Renbaan is gewoonlik ovaalvormig en het in die meeste gevalle 'n grasoppervlak. Die wegspring en die aanwysing van wenners geskied elektronies. Elke perd staan in 'n afsonderlike wegspringhok, waarvan die posisie vooraf deur **loting** bepaal is, en al die metaaldeure van die wegspringhokke swaai gelyktydig oop wanneer die afsetter 'n knoppie druk om die wedren te laat begin. Wanneer die perde die **wenpaal** verbysteek, word hulle meganies gefotografeer om die uitslag bo alle **twyfel** te bewys.

Suid-Afrika se oudste wedren is die J&B Metropolitan Stakes (1883, vroeër bekend as die Metropolitan Handicap) op die Kenilworthrenbaan in Kaapstad, terwyl die grootste prysgeld met die Holiday Inns (1887, vroeër Johannesburg Summer Handicap) op Turffontein in Johannesburg gewen kan word. Die Rothmans July Handicap (1897, vroeër die Durban July Handicap) op Greyville in Durban lok jaarliks groot belangstelling.

2.3 Weddenskappe

Die gewildheid van perdewedrenne berus onder meer op die **wedderij** wat daarmee gegaard gaan. Die wette in verband met weddenskappe verskil van land tot land. Weddenskappe op perdewedrenne is in Suid-Afrika die enigste vorm van **wettige** wedderij, maar is streng beperk tot mense ouer as 18 jaar en is ook onderhewig aan **belasting**. Weddenskappe kan òf by beroepswedders (wat in sommige lande verbied is), òf by die **woekerpot** (totalisator) geplaas word. Woekerpotte is elektroniese instrumente wat die wedpryse meganies bepaal en uitbetaal.

'n Perd se wedprys word aan die hand van sy ondersteuning bepaal en die wedpryse van **gunsteling** is altyd laer as dié van buiteperde. Weddenskappe kan op verskeie maniere aangegaan word. Daar kan byvoorbeeld gewed word dat 'n perd sal wen of 'n plek sal behaal (dus onder die eerste 3 of 4 sal eindig, na gelang van die aantal perde wat in die wedren hardloop), dat 2 spesifieke perde eerste en tweede sal eindig of dat 3 perde in 'n bepaalde **volgorde** die eerste 3 plekke sal behaal. By 'n sogenaamde **boerpot** moet die wenners van 4 bepaalde wedrenne korrek voorspel word.

2.4 Ruitersport

In sommige lande word ook hinderniswedrenne en drafwedrenne gehou. Hinderniswedrenne vind op **spesiale** bane met 'n aantal **hindernisse** plaas. By drafwedrenne trek die perde 'n klein, bemande waentjie en hulle mag net draf, nie **galop** nie.

Perdespringkompetisies

Tot aan die begin van die 19de eeu is die springvermoë van perde nie juis **beproef** nie. Die moderne springkompetisies het waarskynlik uit die jag te perd, wat veral in Engeland gewild was, ontstaan. Nadat die grense van eiendom in Engeland teen die begin van die 17de eeu beter omhein is, het **jagters** perde nodig gehad wat goed kon spring. Spesiale springperde is dus geteel en mettertyd is ook kunsmatige hindernisse in die jaggebied aangebring.

Die jag te perd is teenswoordig steeds gewild, veral in Engeland, maar daar word in der waarheid nie meer op diere geskiet nie en feitlik alle hindernisse is **kunsmatig**.

Perdespringkompetisies toets 'n perd se vermoë om hoog en ver te spring. Daar is geen bepaalde **voorskrifte** vir die afmetings van die baan en die hindernisse nie; dit word aan die **inisiatief** van die baanbouer oorgelaat. Gewoonlik word sowat 10 hindernisse op 'n baan aangebring wat onder meer uit dwarsbalke, skynmure, watergate of kombinasies daarvan bestaan.

Dressuur

Die grondslag van alle perdesportsoorte is die dressuur, waardeur die perd geleer word om hom aan die leiding van die ruiter te onderwerp, sy kragte so goed moontlik te ontwikkel, en om sy natuurlike, **soepel** beweging te behou ondanks die bykomende gewig van die ruiter of wa. By 'n dressuurkompetisie voer 'n perd verskillende bewegings uit en gebruik hy verskillende gange.

Die 3 natuurlike gange is *stap* ('n viertempogang waarby die pote een na die ander met gelyke tussenpose opgelig word), *draf* ('n tweetempogang waarby die teenoorgestelde voor- en agterpote gelyktydig opgelig word), en *galop* ('n drietempogang waarby al 4 pote op 'n gegewe oomblik, die **sweefmoment**, in die lug is). Die gange kan in korter of langer passe uitgevoer word. Punte word nie vir die beweging as sodanig toegeken nie, maar vir die **grasie**, gemak, houding en akkuraatheid waarmee dit uitgevoer word. Die gehoorsaamheid van die perd en die ruiter se vermoë om opdragte aan sy perd oor te dra, word ook in ag geneem. Dressuurvertonings met Lipizzanerperde word ook in Suid-Afrika aangebied.

Drievoudige items

Die veelsydigheid van perd en ruiter word getoets in 'n kompetisie wat uit 3 onderafdelings bestaan en gewoonlik oor 3 dae strek. Op die eerste dag word 'n dressuurkompetisie gehou, op die tweede dag vind verskeie ritte plaas wat die perde se vaart en uithouvermoë toets, en op die derde dag word springkompetisies gehou.

Ruiterspele

Wedstryde wat deur 2 spanne te perd gespeel word, word ruiterspele genoem. Die oudste en bekendste ruiterspel is **polo**. Polo word op 'n veld met 'n oppervlakte van 274 m x 182 m deur 2 spanne van 4 ruiters elk gespeel. Aan weerskante van die veld is daar 'n stel doelpale waardeur die spelers vanuit die saal met die polostok 'n **bamboesbal** moet slaan. Spelers mag mekaar nie stamp, voor mekaar inry of die beweging van mekaar se ponies **belemmer** nie.

Daar is geen beperking op die grootte van die perde nie, maar gewoonlik word perde met 'n **skofhoogte** van sowat 15 hand verkies en daar word oor die algemeen na die perde as **ponies** verwys. Die hoewe en bene van die ponies word tydens die wedstryd met verbande beskerm en die ruiters dra ook knie- en beenstutte. Polo word reeds sedert omstreeks 1874 in Suid-Afrika gespeel. **Kampioenskappe** word jaarliks gehou en Springbokspanne speel ook dikwels in toetse teen buitelandse spanne.

Die inligting is 'n verwerking van die volgende bronne:

<https://af.wikipedia.org/wiki/Ruitersport>

[https://en.wikipedia.org/wiki/My_Fair_Lady_\(film\)](https://en.wikipedia.org/wiki/My_Fair_Lady_(film))

(Geredigeer deur Marianne Strydom)